

# Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde

## South African Medical Journal

Posbus 643, Kaapstad

P.O. Box 643, Cape Town

Kaapstad, 9 Maart 1957  
Weekliks 2s. 6d.

Vol. 31 No. 10

Cape Town, 9 March 1957  
Weekly 2s. 6d.

### VAN DIE REDAKSIE

### PATENTE DUCTUS ARTERIOSUS

Die uitstekende vordering met borschirurgie gedurende die afgelope dekade, het herstel gebied vir verskeie voorheen onopereerbare en fatale toestande, veral samepersing van die aorta en patente ductus arteriosus. Skaars meer as twaalf jaar gelede het Gross<sup>1</sup> 'n patente ductus arteriosus vir die eerste maal suksesvol afgebind en daardeur die tydperk van aangebore hartchirurgie ingelui en 'n behandeling maatreël ingestel wat intussen 'n roetine operasie geword het, en teenswoordig een van die algemeenste take van die hartchirurg uitmaak". Gedaglig hieraan, asook die wete dat kinders met patente ductus letsels onbevoegmakende en lewensverkortende komplikasies sal ontwikkel—dit word beweer dat weinig langer as 40 jaar lewe—is vroegtydige waarneming van die toestand 'n saak van lewend prakteiese belang.

Gedurende voorgeboortelike bestaan ontwyk die meerderheid van die bloed vanaf die longslagaar die longe via die patente ductus en gaan die aorta distaal van die oorsprong van die slagaar van die linkerondersleutelbeen binne. Normalweg sluit die ductus kort na geboorte. Indien dit oop bly en voortduur nadat die longsirkulasie in werking getree het, veroorsaak die groter druk in die aorta dat die verbindingsstroom in die teenoorgestelde rigting keer en die bloed weereens deur die longe gestuur word. Selfs tot 50% van die uitvloei van die linkerhartkamer kan op hierdie wyse afgelui word met gevoldlike vermeerdering van die inspanning van die hart. Die begin van hartondoeftreffendheid is dus 'n onvermydelike gevolg; patente ductus arteriosus is al 'n tydbom met 'n baie lang lont'<sup>2</sup> genoem. Diagnose bied sy eie probleme. In 'n tipiese geval is dit maklik maar die klassieke tekens is dikwels afwesig. Daar is natuurlik die "masjinerie suisgeluid" en voelbare trillings in die tweede tussenribruimte aan die linkerkant by 'n pasiënt wat net so wel in alle ander opsigte heeltemal gesond kan wees.

### EDITORIAL

### PATENT DUCTUS ARTERIOSUS

The splendid advances in thoracic surgery in the last decade have provided cures for several previously inoperable and fatal conditions, notably coarctation of the aorta and patent ductus arteriosus. It is scarcely more than 12 years ago that Gross<sup>1</sup> successfully ligated a patent ductus arteriosus for the first time, thereby heralding the era of congenital cardiac surgery and initiating a procedure that has become a routine operation and is today one of the commonest tasks of the cardiac surgeon.<sup>2</sup> This circumstance, together with the certainty that children with patent ductus lesions will develop crippling and life-shortening complications—few live beyond the age of 40 years, it is said<sup>3</sup>—makes early recognition of the condition a matter of vital practical importance.

During foetal life most of the blood from the pulmonary artery bypasses the lungs via the patent ductus to enter the aorta distally to the origin of the left subclavian artery. Normally the ductus closes soon after birth. If it remains patent and persists after the pulmonary circulation is established, the greater pressure in the aorta reverses the shunt and sends the blood once more through the lungs. As much as 50% of the left ventricle output may thus be diverted, with consequent increase in the work of the heart. Incipient cardiac failure is therefore inevitable; patent ductus arteriosus has been called 'a time bomb with a very long fuse.'<sup>2</sup> Diagnosis presents its own problems. In a typical case it is easy, but often the classical signs are absent. These are, of course, the 'machinery murmur' and thrills in the second left interspace in a patient as likely as not to be quite healthy in all other respects. But the incidence of the condition—according to

Maar die voorkoms van die toestand—volgens die lyk-skouingsgegewens van Maud Abbott verteenwoordig dit 10% van alle aangebore hartletsets—strek baie verder as gevalle met die „masjinerie suisgeluid”. Tewens, die meerderheid gevalle openbaar waarskynlik nie hierdie kenmerk nie, wat beskryf word as deurlopend maar met sistoliëse aksentuasie en maklikste hoorbaar links van die borsbeen. 'n Eenvoudige sistoliëse suisgeluid sonder voelbare trilling, wat onwaarskynlik gedurende latere leeftyd deurlopend sal word, is 'n algemene bevinding by ondersoek. Met teenstrydige kliniese gegegewens moet toevlug geneem word tot X-straalverskynsels, die elektrokardiogram en—indien nodig—angiokardiografie. Die X-straalvoorkoms word bepaal deur die funksionele grootte van die ductus en indien dit gering is, mag die hartskaduwee heeltemal normaal voorkom. As die verbinding groot is, mag die pulmonêre konus vergroot wees (moontlik ook die regterhartkamer) en die hooflongslagare sal prominent wees. „Sonder angiokardiografie” egter bestaan daar nie soets soos 'n kenmerkende X-straalvoorkoms van patente ductus nie.<sup>4</sup> Die elektrokardiogram is gewoonlik normaal; indien nie, behoort die aanwesigheid van 'n ander aangebore gebrek uitgesluit te word.<sup>3</sup>

Behoort 'n mens operasie aan te beveel in die geval waar die letsel 'n toevalige bevinding by roetine ondersoek van 'n oënskynlik gesonde kind is? Die antwoord is, beslis, ja. 'n Mens behoort, soos Blalock dit uitgedruk het, „die hart te beskerm teen 'n las wat dit uiteindelik onbevoeg sal maak". Daar bestaan weinig twyfel dat 'n ductus arteriosus wat oop bly uiteindelik die dood sal veroorsaak. Subakute bakteriële endokarditis tree gewoonlik by ongeveer 10% gevalle toe—ongeveer 25% van hierdie kinders sterf gedurende hulle swigelingsjare en weinig oorleef die middelbare, terwyl die dood gewoonlik deur hartondertreffendheid veroorsaak word. Pulmonêre drukverhoging mag dringende snykundige ingryping verg, want sodra die verbindingsstroom in 'n teenoorgestelde rigting gestuur word (as gevolg van die hoér druk in die longslagaar) maak die operatiewe sterfesyfer snykunde onwenslik. Afgesien van hierdie komplikasie, wat sy eie sterfesyfer inhoud, is die alternatiewe operatiewe prosedure, nl. afbinding en deursny van die patente ductus arteriosus, tot 'n groot mate sonder risiko. Potts het verslag gegee van 250 opeenvolgende gevalle sonder sterfte;<sup>5</sup> tewens „die algemeenste oorsaak van rampspoed skyn verkeerde diagnose te wees". Die operasie, wat verkiesslik voor die ouerdom van 12 uitgevoer moet word, bestaan uit of die bloedvat af te bind of deur te sny. Weens die herhaalde voorkoms van funksionele herkanalisasie van die ductus, het Gross, die baanbreker van afbinding, Amerikaanse chirurgen beïnvloed om dit ten gunste van algehele deursnyding te laat vaar.

1. Gross, R. E. (1944): *Surg. Gynec. Obstet.*, **78**, 36.
2. Annotasic (1956): *Lancet*, **2**, 1252.
3. Davidson, S. et al. (1956): *The Principles and Practice of Medicine*, 3de uitgawe, bl. 188. Edinburgh: Livingstone.
4. Shanks, S. C. en Kerley, P. (1950): *A Text-book of X-ray Diagnosis*, 2de uitgawe, vol. 2, bl. 114. London: H. K. Lewis.
5. Potts, W. J. (1953): *Arch. Surg.*, **66**, 468.

Maud Abbott's post-mortem material, it represents about 10% of all congenital heart lesions—extends far beyond the cases with the 'machinery murmur'. In fact, probably the majority of cases do not exhibit this feature, described as continuous but with systolic accentuation and heard best to the left of the sternum. A common physical finding is a simple systolic murmur, unaccompanied by a thrill, and unlikely to become continuous in later life. With equivocal clinical data, recourse must be had to the X-ray appearances, the electrocardiogram and—if need be—angiography. The X-ray picture depends on the functional size of the ductus and, if it is small, the cardiac shadow may appear quite normal. If the shunt is large, the pulmonary conus may be enlarged (possibly also the right ventricle) and the main pulmonary arteries will be prominent. However, "without angiography, there is no such thing as a characteristic X-ray picture of patent ductus."<sup>4</sup> The electrocardiogram is usually normal; if it is not, the presence of some other congenital defect must be excluded.<sup>3</sup>

Should one advise operation in the case where the lesion is a chance finding on routine examination in an apparently healthy child? The answer is, definitely, yes. One should, in Blalock's words, 'protect the heart from an eventually disabling burden'. There is little doubt that a ductus arteriosus that remains patent will eventually kill the patient. In about 10% of cases subacute bacterial endocarditis supervenes; about 25% of the children die in infancy and few survive beyond middle age, death usually resulting from cardiac failure. Pulmonary hypertension may demand urgent surgical intervention, but once the shunt is reversed (as a result of the higher pressure in the pulmonary artery) the operative mortality contra-indicates surgery. Apart from this complication, which carries its own morbidity, the alternative procedures of ligation and section of the patent ductus arteriosus are largely free of risk. Potts reported on 250 consecutive cases without a death;<sup>5</sup> in fact 'the commonest cause of disaster seems to be misdiagnosis.' The operation, which is best carried out before the age of 12 years, consists of either ligating the vessel or else severing it completely. Because of the frequency of functional recanalization of the ductus, Gross, the pioneer of ligation, has led American surgeons to abandon it in favour of complete section.

1. Gross, R. E. (1944): *Surg. Gynec. Obstet.*, **78**, 36.
2. Annotation (1956): *Lancet*, **2**, 1252.
3. Davidson, S. et al. (1956): *The Principles and Practice of Medicine*, 3rd ed., p. 188. Edinburgh: Livingstone.
4. Shanks, S. C. en Kerley, P. (1950): *A Text-book of X-ray Diagnosis*, 2nd ed., vol. 2, p. 114. London: H. K. Lewis.
5. Potts, W. J. (1953): *Arch. Surg.*, **66**, 468.

The realm  
penny-to-  
matical r  
average p  
the instan  
would sa  
This igno  
science is  
knowledge  
and, once

The in  
controlled  
from this  
doctor, w  
pressions  
whose bus

Reiss<sup>1</sup> i  
in the indi  
a patient, o

In hierdie  
wat chiru  
aneurisma  
gevalle w  
chirurgies  
skillende

A.  
Geval No.

'n Blanke  
diagnose v  
Hospitaal o  
'n velheid e  
ongemak da  
tyd was urin  
Op 27 Mei  
oor die hele  
en ook om  
Hy het tegel  
tot 'n moe  
Op 29 Mei  
moeis gely  
normaal on  
opgebring e  
en net een  
stelsel betre  
Ondersoek  
en moeg gely  
tuur was no  
120. 80 mm.  
Buik: D

## MEDICAL STATISTICS

The realm of the statistician, with its obscure logical concepts, penny-tossing probabilities and long-out-of-mind mathematical manipulations is pardonably bewildering to the average practising clinician. What are less pardonable are the instances in which it is trespassed upon by those who would sanctify their observations with 'statistical proof'. This ignorance and abuse of an overwhelmingly valuable science is obviously regrettable. It is more so since a working knowledge of statistical method is remarkably easy to obtain and, once mastered, is of immense intellectual value.

The investigator engaged in the winnowed purity of controlled experimentation is not the only person to benefit from this knowledge. There is also a rich reward for the doctor, whose parameters are recorded in nebulous impressions rather than precise figures that 'cannot lie' and whose business is with individuals rather than populations.

Reiss<sup>1</sup> in a recent review has indicated the value of statistics in the individual patient. The clinician, when confronted with a patient, does not reject a null hypothesis to reach a diagnosis

or suggest a course of treatment. He compares that patient with his own statistical yardstick of previous experience with disease, and it is in the acquisition of this experience that statistical theory holds most for the practising doctor. No man with a knowledge of the part played by Dame Chance in the making of a diagnosis or the effecting of a cure could but be humbled by this knowledge. A mind attuned to the consideration of variables can learn a lot about its owner: Does Dr. X get better results because he uses a different preparation of digitalis or because he convinces the patients of the need for the drug more effectively than I do? Was it time that cured Mrs. Y's sore throat or the sulphonamide that I prescribed for her? If we are not plagued by questions such as these perhaps we ought to be.

Moroney,<sup>2</sup> in an excellent and eminently readable account of statistical techniques and logic, introduces the reader to the science of healthy and honest enquiry—an introduction well worth the few shillings spent on it.

1. Reiss, E. (1956): Clin. Res. Proc., 4, 225.
2. Moroney, M. J. (1956): London: Penguin Books.

## ANEURISMAS VAN DIE AORTA EN ANDER SLAGARE

J. K. BREMER, M.B., CH.B. (KAAPSTAD) F.R.C.S. (ENG.)

Pretoria

In hierdie artikel word verslag gedoen van 8 pasiënte wat chirurgiese behandeling vir arteriële of aorta-anurismas ondergaan het. Na aanleiding van hierdie gevalle word sekere opmerkings in verband met die chirurgiese behandeling van anurismas in die verskillende liggings gemaak.

## A. ANEURISMAS VAN DIE AORTA

## Geval No. 1: 'Gebarste' Aneurisma van die Buikaorta

'n Blanke man, 76 jaar oud, is op 29 Mei 1956, met die voorlopige diagnose van 'n akute buiktoestand in die Pretoriase Algemene Hospitaal opgeneem. Vir die voorafgaande 8 maande was hy van 'n velheid en klopping in die buik bewus, maar het slegs af en toe ongemak daarvan gehad. Sy enigste ander klagtes gedurende die tyd was urinefrekwensie, moeilike urinering en disirre af en toe. Op 27 Mei, d.w.s. 2 dae voor opname, het hy skielik kwaai pyn oor die hele buik gevoel, wat aan die linkerkant die ergste was en ook om na die rug en afwaarts na die linker sy gestrek het. Hy het tegelykertyd siek en pap gevoel en het gaan lê. Die pyn het tot 'n mate verbeter, maar het op 28 Mei weer erger geword. Op 29 Mei het sy dokter daarop aangedring dat hy hospitaal toe moes gaan. Op 27 en 28 Mei het hy nie opgebring nie en hy het normaal ontlaas. Op 29 Mei het hy eenmaal donkerkleurige vog opgebring en sy buik het begin opsit. Hy het nie weer ontlaas nie en net eenmaal dieoggend vroeg wind gelaaft. Wat die ander stelsels betref, was daar geen simptome van belang nie.

*Ondersoek.* Hy het klaarblyklik baie pyn verduur en het pap en moeg gelyk. Hy het nie erg anemies voorgekom nie. Sy temperatuur was normaal en sy polsslag 90 per minuut. Sy bloeddruk was 120 mm. Hg.

Buik: Daar was algemene opsetting van die buik, met heel

duidelike pulsasie in die onderbuik, veral net onderkant die nael. Daar was 'n kloppende geswel omtrent 10 tot 12 sm. in deursnee met sy middelpunt net links van die nael voelbaar. Hy was erg drukgevoelig oor die grootste gedeelte van die buik, maar veral na links en ook in die linker lende. Daar was geen spierspanning nie. Enkele dermklanke kon gehoor word, maar minder as normal. Rektale ondersoek het vergroting van die prostaat aangedui, maar geen ander afwyking nie. Daar was geen bloed op die ondersoekende vinger nie. Deur 'n maagslang wat ingesit is, is ongeveer 200 ml. bruinerige vog, wat effe sleg geruik het, afgetrek.

Die polse was in albei onderste ledemate goed voelbaar.

Ondersoek van die hart en longe het geen opvallende kliniese afwyking getoon, behalwe krepitasies by albei basisse nie.

Die kliniese diagnose van aneurisma van die buikaorta met betreklik geringe lekkasie is gemaak. Daar is besluit om hom voorlopig net te laat rus met pyntillende middels, totdat noukeuriger ondersoek van sy hart en niere gedoen kan word. Intussen is sy toestand noukeurig waargeneem. Ongeveer 3 uur later was sy algemene toestand swakker, sy polstelling het na 110 per minuut gestyg en sy bloeddruk het na 100/70 mm. Hg. gedaal. Omrede hierdie agteruitgang, is besluit om met operasie voort te gaan. Gedurende die tydperk van voorbereiding vir operasie het hy baie vinnig agteruitgegaan; hy het bleek geword, sy pols was skaars voelbaar en sy bloeddruk was 40 mm. Hg. sistolies. Die narkotiseur was selfs huiverig om met die voorgestelde operasie voort te gaan. Die toediening van 1500 ml. bloed het egter sy toestand aansienlik verbeter sodat met die operasie voortgegaan kon word.

Die narkose is deur dr. J. E. Combrinck en dr. P. de Vaal toegedien. Omrede die betreklike haas om in die buik te kom en die bloeding te beheer, is 'n lang middellynsnit vanaf die xiphisternum tot by die pubis gemaak. By ope buik kon 'n groot aneurisma van die aorta met aansienlike retroperitoneale bloeding, veral aan die linkerkant, gesien word. Betasting van die aneurisma het getoond dat dit onderkant die nerviete geleë was. Die dunder is

in 'n plastiese sakkie geplaas en uit die pad uit gehou deur dit buite die buik uit te bring. Die duodenum is na deurkliëwing van die ligament van Treitz van die aneurisma losgemaak en die posterior peritoneum oor die boonste deel van die aneurisma oopgemaak om by die aorta onderkant die nervate te kom. Die aorta net bekant die aneurisma is hoofsaklik met stomp disseksie van omliggende strukture losgemaak en met 'n Crafoord koartasieklem afgesluit. Klopping in die aneurisma het opgehou en die verdere disseksie is hierdeur vergemaklik. Die takke van die aorta wat van die aneurismale deel ontspring het, naamlik lumbale arteries, arteria mesenterica inferior en arteriae iliaceae communes, is afgebond of afgeklem en die hele sak versigtig (veral by die vena cava) verwijder. Die proksimale einde van die aorta distaal tot die Crafoord klem het werklik beroerd voorgekom; dit was veel breër as die normale en het erg ateroskleroties voorgeskryf; daar was verkalving in die wand, wat so bros gelyk het, dat daar gevrees is dat die klem dit onherstelbaar sou beskadig het. Die stompe van die arteriae iliaceae communes waaraan die protese geheg sou moes word was albei erg ateroskleroties, en links sou dit nodig wees om feitlik deur verkalkte materiaal die hegting te doen. Om die gaping in die aorta te oorbrug was albei die aortas, wat in die bank beskikbaar was, heeltemal te nou om die proksimale uitgesette aorta te pas. Daarom is 'n protese van Ivalon sponsp op 'n tuisgemaakte vorm van aorta met verdeling gemaak. In sy komprimierende toestand was die wand omtrent 4 mm. dik. Die protese is proksimale aan die aorta geheg met 2 deurlopende hegtings van 0000 Anacap arteriële sy wat gewoonweg oor-en-deur ingesit is sonder enige poging tot eversie. Nog twee versterkende hegtings is veiligheidshalwe geplaas. Daarna is die twee bene van die protese aan die iliaca communis stompe op soortgelyke manier geheg. Na loslatting van die klemme was enkele bykomstige stekte nodig om bloeding te beheer, meestal by die distale anastomoses. Die protese wat in die begin 'n bietjie bloed 'gesweet' het, het gou droog geword. Die arteriae iliaceae exterae het goed geklop. Die plan was om met sluiting van die buik te begin, toe daar opgelet is dat die protese self begin uitsit en aneurismaal word, en weer deur sy eie gaatjies begin te lek. Die proksimale Crafoord klem is weer toegepas, en 'n dubbele laag Orlon, wat gelukkig beskikbaar was, is om die protese gewikkeld en daar vasgewerk. Daarna het dit nie verder uitgeset of gelekk nie. Die buik is sonder dreinering gesluit. Die operasie wat ongeveer 7 uur geduur het, is deur die pasiënt goed verdra. Aan die einde daarvan kon albei femorale polse goed gevoel word, maar geen voetpolse was waarneembaar nie en die bene het taamlik bleek gelyk.

Die gewone na-operatiewe behandeling vir 'n groot buikoperasie is tesame met redelike groot dosisse antibiotika gegee. Na 24 uur was die kleur van die regterbeen goed en die bewegings normal. Die linkerbeen was nog maar bleek en koud, en dorsifleksie was baie swak, maar sensasie taamlik goed. Agt-en-veertig uur na operasie kon die dorsalis pedis pols regtig gevoel word. Links was die kleur van die voet nou normal en die bewegings baie verbeter, maar geen polse was voelbaar nie. Geleidelike verbetering in sy algemene toestand en in die gebruik van die bene het plaasgevind, sodat hy 2½ weke na operasie ontslaan kon word. Op hierdie tydstip kon geen polse links gevoel word nie. Vandat hy opgestaan het, het die linkerbeen matig geswel, vermoedelik as gevolg van diep veneuse trombose. Hy is 3 maande na operasie weer gesien en het toe vir sy ouderdom baie goed gevoel. Die bloedsloop was in albei bene heeltemal redelik, hoewel geen polse links voelbaar was nie, enregs net die dorsalis pedis geklop het. Die linker onderbeen het nog 'n bietjie geswel, maar so min dat hy eintlik die aanbevoie Crepe verbande nie meer gebruik het nie.

#### Opmerkings

1. Dit word nou besef dat nadat die diagnose van lekkende aorta-aneurisma gemaak is, daar geen regverdiging vir 'n afwagende houding was nie. Al word dit vermoed dat die lekkasie gering is, behoort operasie so gou moontlik gedoen te word, omdat verdere vinnige lekkasie met noodlottige gevolge kan plaasvind.

2. Die toegang deur 'n lang middellyn snit was goed, maar 'n lang linker paramediane snit sou beter wees omdat dit 'n stewiger wond aan die einde van die operasie sou laat. Dit moet beklemt word dat feitlik elke sentimeter van die lang wond van xiphisternum na pubis nodig is vir 'n redelik gemaklike en veilige operasie op hierdie deel van die aorta.

3. Dit was interessant om te ondervind dat, ten spyte van die

werklik skrikwekkende voorkoms van die aortastomp en van die iliaca communis-stompe, 'n digte hegting aan die vervangende protese moontlik was.

4. Dit was 'n onaangename skok om te vind dat die Ivalon protese, wat andersins heeltemal bevredigend was, na 'n rukkie aneurismaal begin word het. Hierdie moeilikhed behoort maklik uit die weg geruim te kan word deur die protesewand dikker te maak, of moontlik deur 'n laag Orlon tussen die lae Ivalon in te las, en in elk geval deur Orlon of soortgelyke plastiese materiaal beskikbaar te hê vir versterking van die Ivalon protese indien nodig.

5. Die gewone tekens van goede bloedsomloop het nie onmiddellik na operasie verskyn nie, maar in die linkerbeen eers na 48 uur. Die pols in die regtervoet het eers na sowat 24 uur voelbaar geword. Die verklaring vir hierdie vertraagde terugkeer van sirkulasie moet moontlik in vaatspasme gesoeke word.

6. Waarom die polse in die linkervoet nooit teruggekeer het nie, terwyl die arteria femoralis links goed geklop het, is ook nie heeltemal duidelik nie. Moontlik kon trombi van die aneurismasak losgegaan het en die meer distale slagare verstop het, of daar kon moontlik spontane trombose in hierdie distale slagare plaasgevind het, onderwyl die bloedsomloop gedurende die operasie afgesnoer was. Om hierdie moontlikhede te probeer voorkom, sou dit wenslik wees om na proksimale afklemming van die aorta bekant die aneurisma, eers die arteriae iliaceae communes af te klem voordat verdere disseksie en manipulasie van die aneurismasak plaasvind. Verder sou dit wenslik wees om 20 ml. verdunde Heparinoplossing distaal in elke iliaca communis te spuit om spontane trombose te probeer voorkom.

#### Geval No. 2: 'Gebarste' Aneurisma van die Buikaorta

'n Bantoe man, 45 jaar oud, is op 11 Augustus 1956, in die Pretoriase Algemene Hosptial opgeneem met 'n vermoede akute buiktoestand. Sy siektesgeskiedenis was betreklik vaag en onseker. Dit blyk dat hy ongeveer 5 weke voor opname siek gevloot het en by buikpyn gehad het, wat so erg was, dat hy opgehou werk het en by die huis gaan lê het. Sy buik het opgesit en hy kon nie spontaan ontlas nie, maar het tog wel meer purgermiddels ontlassing gehad. Die buikpyn het kort voor opname vinnig toegeneme met die gevolg dat hy hospitaal-toe gekom het. Hy het geen ander klages van direkte belang gehad nie. Op noukeuriger ondervraging omtrent sy vorige geskiedenis meld hy dat hy 'n paar jaar gelede oor 'n tydperk van verskeie weke binne-aarse en binnespierse inspuitinge gehad het (vermoedelik vir lues).

**Ondersoek.** Hy het siek gelyk. Temperatuur was 98.8 F., pols 90 per minuut en asemhaling normal. Hy het anemies voorgeskryf. Die buik was opgesit, daar was matige spierspanning, veral links, en 'n vaagomlynde massa is in die linker onderbuik gevoel. Geen duidelike pulsasie is gevoel nie. Rektale onderzoek het geen afwyking getoonto nie. Onderzoek van ander dele van die liggaam het niks bygedra nie.

Die kliniese indruk was dat daar 'n inflammatoriese massa in die linker onderbuik was. Sistoskopiese onderzoek het nie veel bygedra nie, want die linker ureter kon nie kateteriseer word nie. Barium kliesma het geen dermafawkyng getoonto nie. Terwyl sy algemene toestand agteruitgegaan het, is op 12 Augustus 1956 tot laparotomie besluit.

Onder algemene narcose deur dr. van der Berg is die buik deur 'n linker paramediane snit oopgemaak. 'n Taamlike groot aneurisma van die buikaorta met 'n groot retroperitoneale hematoom, veral aan die linkerant van die buik, is gevind. Geen intraperitoneale afwyking is gevind nie, behalwe aansienlike uitsetting van beide dijderm en dunderd, waaroor geen meganiese of inflammatoriese oorsaak gevind is nie. Die linker paramediane snit is verleng tot by die xiphisternum bo en die pubis onder, en die dunderd in 'n plastiese sakkie geplaas en oor die regterant van die buik uitgebring om alle moontlike ruimte binne die buik beskikbaar te maak. Daar is toe gevind dat die aneurisma omtrent 8 tot 10 sm. in deursnee was en gestrek het van onderkant die nervate tot net by die aortaverdeling. Aan die linkerant van die buik was daar 'n uitgebreide retroperitoneale klopende hematoom wat die hele linker fossa iliaca volgemaak het en opwaarts feitlik tot by die linker nier gestrek het. Geen poging is op hierdie stadium aangewend om die lekkasie van die aneurisma te beheer nie, omdat sulke pogings tog maar gewoonlik vrugtelos is, en omdat die lekkasie nie op die oomblik erg was nie. Die ligament van Treitz is losgemaak en die duodenum na regs weggetrek. Die posterior

peritoneum oopgemaak, aorta te verplaas, nervate a op 200 ml sodat die stolling sou onderrig, arterie a deurkliëf, maak. Daar wat gevind is dat die arterie 'n Homeo' daar die gewonde beskryf, blaatstaan, is onder op die ge en gekromme skuin.

Hy het

Aan die en maar reg

Na 24 albei voet dosisse en effe bloek linker en vertrag deur na operasie van die Koma

Opmerkin 1. Die lues, 'n buikaorta jaan, die aorta bok geskiedenis. Die Kolma

2. Uit die aneur... Dit is wel sonde. Dit beklema gald dan baie

62-jarige Snyman g bygaande het 'n bu vraging o sowat 2 j keeksoda toegeskry. Hy was van druk, het matige simptome urinäre k die bloed.

Onders wat nie a groot klo buik geto xiphisternum dit tot on regt, tot baaiel waai. Dit was t

peritoneum bokant die aneurisma en onderkant die niewrate is oogemaak en die disseskie in die diepte voortgesit om om die aorta te kom. Die aorta was a.g.v. kronkeling heelwat na regs verplaas. Dit is met 'n Crafoord koarktasieklem onderkant die niewrate afgeklem. Twintig ml. verdulde Heparin (5000 eenheid op 200 ml. normale soutoplossing) is in die aneurisma gespuit sodat dit ook afwaarts in die ledemate sou versprei en distale stolling sou voorkom. Die onderste einde van die aneurisma is nou ondersoek, die ureters weggestoot en die iliaca communis arteries afgeklem. Die arteria mesenterica inferior is afgebind en deurkliif. Die sak is oogemaak om verwydering geriefler te maak. Daar was nog matige bloeding vanaf die lumbale arteries wat gevind en afgebind is. Die sak is toe volledig verwyder en daar is gevind dat die verdeling van die aorta net gespaar kon bly. 'n Homotransplantaat ('n stuk torakale aorta wat vir 9 dae in die gewysige weefselkewingsmedium, soos deur Gross e.a. beskryf, waaroor is) is deur 'n assistent gereed gemaak. Die transplantaat, wat omtrent 6 sm. lank was voorstad dit uitgerig was, is onder aansienlike spanning (om latere kronkeling te voorkom) op die gewone manier ingeplant. Die proksimale aortastomp het geen teken van aterosklerose getoon nie. Die distale stomp was effe skuin en die transplantaat moes ooreenkomsdig gesny word.

Hy het die operasie wat 7 uur lank geduur het, goed verdra. Aan die einde daarvan kon die polse in die linkervoet gevou word, maarregs was die voetpulse nie duidelik waarnembaar nie.

Na 24 uur was die sirkulasie in albei voete goed en het polse in albei voete geklop. Die na-operatiewe behandeling het redelike dosisse antibiotika ingesluit. Vir 2 dae na operasie was sy ureen effe bloederig, moontlik a.g.v. langdurige kompresie van die linker vena renalis gedurende operasie. Sy finale herstel is vertrag deur 'n sakrale drukseer wat traag geneset. Twee maande na operasie het die polse in sy voete nog goed geklop en daar was geen teken van aneurismale uitsetting van die transplantaat nie.

#### Opmerkings

- Die oorsaak van die aneurisma in sy geval was waarskynlik lues, 'n ietwat buitengewone oorsaak van aneurisma van die buikaorta. Ten gunste van hierdie etiologie is sy ouerdom (45 jaar), die afwesigheid van aterosklerotiese veranderinge in die aorta bokant en die iliaca vate onderkant die aneurisma, en die geskiedenis van inspuitinge oor 'n tydperk van 'n paar maande. Die Kolmer en Price reaksies is op die oomblik negatief.

- Uit die siektegeskiedenis is dit onduidelik presies hoe lank die aneurisma gelekk het, maar dit is tog waarskynlik dat die begin van die lekkasie reeds 5 weke voor opname plaasgevind het. Dit is wel buitengewoon dat 'n aneurisma oor so 'n lang tydperk lêk sonder om die dood te veroorsaak, maar tog nie onbekend nie. Dit bekleempoen in elk geval die feit dat lekkasie van so 'n aneurisma gald nie noodwendig onmiddellik nooddotlig is nie, en dat daar baie dikwels tyd genoeg is om operatief in te gryp.

#### Geval No. 3: Aneurisma van die Buikaorta

'n 62-jarige blanke man is deur dr. W. H. Davis en prof. H. W. Nyman gesien omdat hy enkele aanvalle van duiseligheid en verbygaande bewussynsvermindering gehad het. Roetiene ondersoek van 'n buikaorta-aneurisma aan die lig gebring. Nadere ondervraging omtrent buikklagtes het die inligting opgelewer dat hy sowat 2 jaar vroeër aan bobuikpyn gely het, waarvoor hy baie koeksodo gebruik het omdat hy die pyn aan slegte spysverstering toegeskryf het. Hierdie pyn was nie voortdurend teenwoordig nie. Hy was vir 'n paar maande al bewus van 'n volheid in die buik en van drukgevoelheid aan die linkerkant bokant die nael. Hy het matige las gehad van pyn in die kruis. Hy het geen uitgesproke simptome van angina of van hartversaking gehad nie, en ook geen urinêre klaktes nie. Daar was geen simptome van inkorting van die bloedsomloop in die ledemate nie.

**Ondersoek.** Hy was 'n matig gesette en breedgeboude man wat nie akut nie gelyk het nie. Ondersoek van die buik het 'n groot kloppende geswel hoofsaaklik in die linkerkant van die buik getoon. Dit het gestrek van omtrent 3 sm. onderkant die xiphisternum tot omtrent 3 sm. onderkant die nael. Na links het dit tot omtrent 7 sm. lateraal van die middellyn gestrek en na regs, tot 1 of 2 sm. regs van die middellyn, behalwe onderkant die nael waar dit omtrent 3 sm. regs van die middellyn gestrek het. Dit was taamlik drukgevoelig en dit was gevoldig moeilik om die grense duidelik te voel, behalwe toe hy onder narkose was vir die

aortogram. Geen geruis kon gehoor word nie. Geen ander afwyking van belang is in die buik gevind nie. Ondersoek van die onderste ledemate het geen sirkulatoriese afwyking getoon nie en al die polse het goed geklop. Kliniese en elektrokardiografiese ondersoek van die hart het geen afwyking getoon nie. Ondersoek van die senuweestelsel het geen afwyking opgelewer nie. Die ander tasbare slagare het nie opvallend skleroties gevoel nie. Die sigbare vase in die fundus van die oog het diegraad I tot 2 arteriosklerotiese veranderinge getoon. Geen urinêre afwyking is gevind nie.

Die kliniese diagnose van aterosklerotiese aneurisma van die buikaorta is gemaak.

Oorsigfoto van die buik het 'n goedomlynde skaduwe aan die linkerkant van die buik getoon. Die boonste deel daarvan het oor die onderste derde van die linker nier gelê. Omrede van die hoë ligging van die boonste einde van die aneurisma is besluit om 'n aortogram te doen om die verhouding tot die nierslagare aan te toon. Dit het gewys dat die aorta onmiddellik onderkant die niewrate skerp na links gekronkel het, en dat die aneurisma hiervandaan opwaarts oor die onderste deel van die linker nier gestrek het. Die piëlogram na die aortogram het goeie nierfunksie aan albei kante aangedui.

Na sorgvuldige overweging is besluit om ten spyte van die feit dat hy min simptome gehad het, wat met sekerheid aan die aneurisma toegeskryf kan word, operasie aan te beveel, omdat die aneurisma so groot was (omtrek 12 by 8 sm.) en drukgevoelig was, en omdat hy andersins nie uitgesproke tekens van ernstige siekte gehad het nie en nog maar 62 jaar oud was.

Operasie is op 9 November 1956, onder algemene narcose deur drs. van Rensburg, Uys en Wessels, gedoen. Ureterkaters is deur dr. T. P. S. MacDonald ingesit om met die uitkennung van die ureters te help. Die gewone lang linker paramediane snit van xiphisternum tot pubis is vir toegang gebruik. Die dunnderm is in 'n plastiese sakkie gepak en oor die regter kant van die buikwand uitgehou. Die ligament van Treitz is losgemaak en die duodenum, wat aan die regterkant van die aneurisma erg verkleef was, moes losgesny word. Soos verwag, was die boonste einde van die aneurisma aan die linkerkant baie hoog op in die buik. Die vena mesenterica inferior was aan die linkerkant van die aneurisma verkleef en waarskynlik al tromboseer. Met die losmaak is dit sonder opvallende bloeding afgesny sonder dat daar besef is dat dit in die fibrotiese massa ingesluit was. Die onderste einde van die aneurisma het die verdeling van die aorta ingesluit. Die posterior peritoneum onmiddellik onderkant die mesocolon transversum is oogemaak en die vena cava, vena renalis sinistra en sy vena testicularis tak gevind. Laasgenoemde is tussen onderrbindings deurkliif om die vena renalis meer beweeglik te maak. Die aorta bokant die aneurisma is met groot moete, hoofsaaklik met blonde disseskies met die vinger, omsingel en 'n katser daarom geplaas om dit te kan呈enteer om 'n Crafoord koarktasieklem daarop te plaas. Die arteriae iliaceae communes is daarop gevind, afgeklem, deurkliif en distaal met 20 ml. verdunde Heparinoplossing aan elke kant ingespuit. Terwyl dit gelyk het of die disseskie van die aneurisma in hierdie geval van die onderkant af makliker sou wees, is dit dan ook van onder af na bo gedoen. Dit was links erg verkleef aan die vena mesenterica inferior, enregs aan die vena cava inferior, en by laasgenoemde is 'n nou strok sakwand gelaat. Die arteria mesenterica inferior en omtrent 3 lumbale arteries is afgebond. Die gaping na verwijding van die aangetaste deel van die aorta is oorbrug met 'n homotransplantaat van aorta met verdeling, wat vir 8 dae in Gross weefselkewingsmedium bewaar is. Na plasing van die transplantaat is die klemme, wat vir ongeveer 3½ uur op was, losgelaa. Daar was matige kwaai bloeding van die gebied van die boonste anastomose wat geblek het van 'n lumbale arterie net bokant die transplantaat te kom, vermoedelik vanaf die deel van die aorta waarop die klem self was. Dit is met moete omsteek en daarna was al die anastomoses droog. Die femorale slagare het goed geklop. Daar was geen noemenswaardige daling in die bloeddruk na loslatting van die klem nie. Die colon sigmoideum is noukeurig ondersoek omrede die deurkliwing van die vena mesenterica inferior, wat taamlik stof vol bloed gevoel het, maar nie tromboseer was nie. Die kleur was normal en daar was geen teken van veneuse stuwting van die dijderk nie. Na sluiting van die posterior peritoneum is die buik op die gewone manier sonder dreinering gesluit.

Aan die einde van die operasie kon die voetpulse nie gevoel word nie en die voete was bleek en koud. Hy het die operasie andersins goed verdra.

Na 24 uur was die kleur en sensasie van die linkervoet bevredigend hoewel geen polse in die voet gevoel kon word nie. Die regtervoet was gevoelloos en bleek in sy distale kwart en geen voetpolse kon gevoel word nie. Albei femorales het goed geklop. Sy urine was taamlik bloedbevlek. Sy algemene toestand was goed.

Na omtrent 40 uur was die kleur van die distale kwart van die regtervoet minder bleek maar taamlik blou en geen polse was in die voete voelbaar nie. Intra-arteriële Prisol (10 mgm.) het tydelike verbetering in die kleur van die voet veroorsaak. Sy algemene toestand was goed. Hy het reeds flatus gelaat en die maagslang is verwyder.

Na omtrent 48 uur het hy van benoudheid gekla en 'n bietjie sianoties geword en sy pols het van 100 na 140 per minuut gestyg. Onderzoek het verminderde lugteogang na die linkerlong getoon. Bronchoskopie het net geringe tydelike verbetering meegebring. Elektrokardiogram het geen baie opvallende afwyking getoon nie, behalwe rotasie van die hart. Sy bloeddruk was in die omgewing van 120/70. Die diagnose was nie heeltemal duidelik nie. Ten spye van toepassing van die gebruiklike maatreëls, het hy meer sianoties en kortasemig geword en uiteindelik omtrent 60 uur na die operasie gesterf. Dit was nie heeltemal duidelik presies wat die dood veroorsaak het nie. Atelektase van die linkerlong, pulmonale embolie en infarkse van die hart isoorweeg, maar teen elk kon gewigting besware ingebring word. Die eindbeeld was nie dié van bloeding nie, en daar was geen aanduiding van intra-abdominale verwikkelinge nie. Lykskouing is nie gedoen nie.

#### Opmerkings

1. Die moeilike besluit moes hier gemaak word of 'n betreklik asimptomatiese aneurisma opeere moes word of nie.

2. Die gebruik van ureterkaters mag oorbodig klink, maar waar die aneurisma aan omliggende strukture erg verkleef kan wees, is dit soms moeilik om strukture uit te ken. My persoonlike gevoel is dat mens jou anatomiese trots in jou sak moet stek en die veilige beleid moet volg.

3. Hoewel die oorsaak van die vertraagde terugkeer van die bloedsomloop in die bennie nie met sekerheid vasgestel is nie, lyk dit meer waarskynlik dat dit die gevolg is van vaatspasme as van embolie. Verder is dit waarskynlik dat hierdie vaatspasme die gevolg is van te lange afsluiting van die bloedsomloop na die onderste ledemate. In hierdie geval was die afsluiting weens tegniese moeilikhede by die verwydering van die aneurisma besonder lank, naamlik 3½ uur. Die gedagte ontstaan of dit nie in gevalle, waar so 'n lang afsondering weens tegniese moeilikhede onvermydelik is, wenslik sal wees om 'n tydelike omleiding, bv. met 'n politieenbus vanaf die arteria lienalis, te gebruik nie.

4. Die moontlikheid van besering van die vena mesenterica inferior moet in gedagte gehou word, hoewel dit selde 'n groot gevaar is.

5. Die moontlikheid van noodlottige komplikasies in ander stelsels, ten spye van 'n tegniese bevredigende voltooiing van die operasie, word deur die pasiënt se dood beklemtoon.

#### Geval No. 4: Aneurisma van die Torakale Aorta

'n Bantoevrou ongeveer 50 jaar oud, is in die Pretoriase Algemene Hospitaal opgeneem, met die volgende klages: kortasemigheid met oefening en wanneer sy plat lê, veral as haar kop en nek agteroor gebuijig is; geringe hoes, wat maar min slym uitbring het; betreklik geringe pyn in die boonste deel van die toraks; en 'n geswel in die onderste deel van die regterkant van die nek. Die duur van die klages was 'n paar maande, en hulle het geleidelik erger geword.

**Ondersoek.** Sy het regop in die bed gesit sonder kortasemigheid. As sy plat lê en veral met die kop agteroor, het sy van benoudheid gekla. In die regterkant van die nek, net bokant die mediale helfte van die clavicula, was 'n kloppende geswel sigbaar. Met betasting is vasgestel dat dit gestrek het van ongeveer 5 sm.regs van die middellyn tot 2 sm. links van die middellyn, en omtrent 4 sm. opwaarts in die nek. Geen trilling was voelbaar en geen geruis hoorbaar oor die geswel nie. Albei arteriae carotis communes was in die nek voelbaar. Die trachea was na regs verplaas. Die radialis polse was goed voelbaar en gelyk. Die arteriële bloeddruk was 130/60 mm. Hg. in albei arms.

Daar was geringe hartvergrotting en 'n blasende sistoliëse en diastoliëse geruis oor die aortaklep en pulmonale klep gebiede. Die longe het klinies geen afwyking getoon nie. Terwyl haar stem soms hees geklink het, is die stembande ondersoek. Albei het

beweeg. Ondersoek van die buik het geen aneurisma of ander afwyking opgelewer nie.

Die kliniese diagnose was 'n aneurisma waarskynlik van die arteria anonyma of van die aortabooog self.

**Röntgen-ondersoek.** Daar was 'n skaduwee agter die manubrium sterni, wat ook op die vooropname net regs daarvan gesien kon word. Die trachea was na regs verplaas. Die esofagus was sentraal geleë. Daar was 'n halsribregs. 'n Poging om 'n torakale aortogram vanaf die regter arteria radialis te doen, het misluk omdat die kateter in 'n kinkel van die regter arteria subclavia bly vassit het. Die kontrasmiddel is tog ingespuit, maar alleenlik die nekslagare was sigbaar.

EKG het tekens van geringe linker ventrikuläre ischemie getoon. Die Kolmer reaksie was sterk positief.

Die diagnose was dus luetiese aneurisma van die arteria anonyma of aorta of albei. Operasie is aanbeveel en is voorafgegaan deur behandeling van die luetiese toestand, en asemhalingsoefeninge.

Operasie is op 6 Junie 1956, onder algemene narkose deur dr. J. E. Combrinck, gedoen. Die pasiënt het op haar rug gelê en die hele nek en toraks is afgedeke. Die nek is deur 'n dwarsniet soos vir kropoperasies oopgemaak, en die geswel ondersoek. Dit het bestaan uit die boonste deel van 'n aneurisma wat vanuit die toraks gekom het en tot by die verdeling van die arteria anonyma in carotis en subclavia takke gestrek het. Om die gevare van inkorting van serebrale sirkulasie gedurende en na verwydering van die aneurisma te voorkom, is 'n arteriële homotransplantaat tussen die linker arteria subclavia en die regter arteria carotis communis ingelas. Gedurende die plasing van die transplantaat is die carotis communis met 'n gebroë Potts ductus klem net gedeeltelik afgeklem, sodat die bloedsomloop na die regterkant van die harsings net ingekort is, maar nie tot stilstand gebring is nie. Voordat verdere disseksie om manipulasie van die aneurisma gedoen is, is die boonste einde van die aneurisma net onmiddellik voor die verdeling van die anonyma afgeklem, om te voorkom dat trombi losgaan en na die harsings meegevoer word. Die arteria carotis communis en die arteria subclavia het nog goed geklop omdat bloed van die linker subclavia deur die transplantaat na regts gevloei het.

Die toraks is nou deur 'n snit in die tweede tussenribruimte tot in die middellyn van die sternum oopgemaak. Hiervandaan is die sternum vertikaal opwaarts tot in die nek gesplits. Die aneurisma is blootgelê en gevind 'n anonyma-aneurisma te wees wat tot aan die aorta strek. Die basis van die aneurisma by sy oorsprong vanaf die aorta was omtrent 4½ sm. lank. Dit moet eintlik as 'n gesamentlike aorta-anonyma-aneurisma beskou word. Nadat die vena anonyma sinistra tussen onderbindings deurgesny is, is die basis van die aneurisma losdisseker en 'n spesiale klem skuin oor die deel van die aorta vanwaar die aneurisma ontspring het, geplaa. Die aneurismasak is verwyder en laterale herstel van die aorta gedoen met twee rye onderbroke 0000 arteriële sy op kort reguit naalde. Gevaarlike bloeding vanaf die linker einde van die gehegte deel van die aorta kon met behulp van 'n stuk polivinyl alkohol spons gestelp word. Die wond is gesluit met dreineering van die regter pleuraholte. Haar toestand aan die einde van die operasie was redelik goed.

Behalwe die gewone na-operatiewe behandeling is sy ook redelik groot dosisse antibiotika toegedien. Na omtrent 48 uur het atelektase van die linkerlong ontstaan en bronchoskopiese aspirasie is gedoen om uitsetting van die long aan te help. Haar toestand het geleidelik verbeter en na omtrent 'n week was dit redelik. Toe het sy agteruit begin gaan en 'n seropurulente afskeiding het uit die nekwend verskyng. Op die elfde na-operatiewe dag is sy dood. By lykskouing is gevind dat daar uitgebreide septiese mediastinitis was, wat die dood veroorsaak het. Die aortahegtings was ongeskonke en daar was geen lekkasie nie. Die transplantaat was nog oop sonder trombose.

#### Opmerkings

1. Die aansienlike verplaasing van die trachea na regs deur 'n anonyma-aneurisma was onverwag.

2. Die operatiewe bevindings en die onmiddellike na-operatiewe verloop in hierdie geval bevestig die mening van verskeie pioniers op hierdie gebied dat eksisie van 'n sakvormige aneurisma van die aorta met laterale herstel prakties is. Ten spye van die luetiese aandoening, is die wand van die aorta tuai genoeg om die stekie te hou.

3. 'n Transplantaat vanaf die linker arteria subclavia na die regter arteria carotis communis het in hierdie geval goed gewerk.

en kan v  
minste ty  
hou. Of  
nodig wa  
so 'n 'n  
carotis te  
bloedsom  
ook min  
Waarskyn  
distale ei  
carotis c  
transpla  
4. Die  
gebruik  
besonder  
lang open

Ge  
  
'n Blanke  
Hospitaal  
heid en k  
heid, en  
die nek n  
Sy die ge  
verset  
Onders  
kortasem  
oor lê, he  
Met on  
in deurs  
Duidelik  
gebied ko  
voelbaar  
gevoel w  
gebied ne  
venae me  
voelbaar  
albei arm  
mamma  
aortaklep  
klinies n  
nie in en  
Die k  
skynlik  
Röntgen  
tussen die  
Daar wa  
die regte  
nis agter  
is nie ge  
daar we  
heid verh  
daarvan

Die K

EKG  
Operas

luetiese t

Operas

dr. B. J.

haar rug

omdat a

haar lugv

oopgema

gevolg.

tot so ve

verbond

op hierdi

links na

Die to

'n Gewel

boog mi

basis van

Alleenlik

deur die

ander  
an de  
srium  
kon  
ogram  
dat die  
sit het.  
slagare  
getoon.

onyma  
n deur  
eninge.  
deur  
gele  
arsniet  
k. Dit  
uit die  
onyma  
ar van  
dering  
plantaat  
carotis  
staat is  
teeltelik  
an die  
is nie.  
urisma  
ddelijk  
om dat  
arteria  
geklop  
aat na

nte tot  
is die  
urisma  
ot aan  
ng vanaf  
amenta  
e vena  
e basis  
oor die  
plaas.

edelike  
ur het  
spirasic  
and het  
Toe het  
uit die  
od. By  
is was,  
skonde  
ong oop

deur 'n  
ratieve  
ioniers  
van die  
uetiese  
teke te  
na die  
gewerk.

en kan waarskynlik beskou word as 'n redelike metode om ten minste tydelik die bloedsomloop na die harsings aan die gang te hou. Of hierdie transplantaat in hierdie bepaalde geval werklik nodig was, val te betwyfel. Verskeie gevalle van blote eksisie van so 'n aneurisma sonder enige poging om die bloedsomloop in die carotis te herstel is al beskryf, en in die meeste van hulle was die bloedsomloop deur die kollaterale takke voldoende. Daar is egter ook minstens een geval beskryf waar hemiplegie gevolg het.<sup>1</sup> Waarskynlik sal dit raadsaam wees om na afklemming van die distale einde van die arteria anonyma die bloeddruk in die arteria carotis communis te meet, en daarvolgens geleë te word of 'n transplantaat nodig sal wees, of nie.

4. Die ontstaan van nooddottige mediastinitis, ten spye van die gebruik van antibiotika, beklemtuur die noodsaklikheid van besonder strenge maatreëls teen besmetting gedurende en na hierdie lang operasies.

#### Geval No. 5: Aneurisma van die Aortabooog

'n Blanke vrou, 47 jaar oud, is op 12 Junie 1956, in die Algemene Hospitaal, Pretoria, opgeneem met die volgende klagtes: Benoudheid en kortasemigheid, wat uitgelok is deur oefening, opgewondenheid, en deur plat te lê; 'n kloppende geswel in die middellyn van die nek net boekant die sternum; en 'n geringe hoeë sonder sputum. Sy het geen pyn en geen slukbeware gehad nie. Die simptome het verskeie maande vroeër begin en geleidelik toegenem.

Ondersoek. Terwyl sy regop gesit het, was sy nie benou of kortasemig nie maar, as sy plat lê en veral as die kop ennek agteroor lê, het sy van benoudheid gekla en kortasemig geword.

Met ondersoek van die nek is 'n kloppende geswel ongeveer 4 sm. in deursnee in die middellyn net boekant die sternum gevind. Duidelike kloppende beweging van die hele regter sternoklavikuläre gebied kon gesien word. Geen trilling was oor die geswel van elders voelbaar nie. Die arteriae carotis communis kon aan albei kante gevoel word. Die trachea was betreklik sentraal geleë. In die gebied net onderkant die linker clavicula was die oppervlakkige venae meer opvallend as aan die regterkant. Albei armoplose was voelbaar en gelyk en die arteriële bloeddruk was 140/80 mm. Hg. in albei arme. Ondersoek van die toraks het hipoplastie van die linker mamma getoon, maar geen verdere awyking nie. Daar was geen aortaklep inkompotensie of ander hartafwyking nie. Die longe was klinies normal. Buik-ondersoek het geen awyking opgelewer nie en in die besonder, geen aneurisma van die buikaorta nie.

Die kliniese diagnose was aneurisma van die aortabooog, waarskynlik van luetiese oorsprong.

Röntgenologiese ondersoek het 'n groot aneurisma in die gebied tussen die aortabooog en die regter sternoklavikuläre gewrig getoon. Daar was erosie van die manubrium en van die mediale einde van die regter clavicula. Die trachea was sentraal geleë maar van voor na agter vernou. Die hart het normaal voorgekom. Aortogram is nie gedoen nie, omdat daar gevoel is dat selfs met goeie vulling daar weens die grootte van die aneurisma waarskynlik geen helderheid verkyf sou word oor die presiese oorsprong en verbindings daarvan nie.

Die Kolmer reaksie was sterk positief. EKG het geen noemenswaardige hartafwyking getoon nie.

Operasie is aanbeveel en voorafgegaan deur behandeling van die luetiese toestand en asemhalingsoefeninge.

Operasie is op 10 Julie 1956, onder algemene narkose deur drs. B. J. van Rensburg en P. de Vaal, gedoen. Die pasiënt het op haar rug gelê met haar kop deur 'n sandsak 'n bietjie vorrente gelig, omdat agteroorbuiging 'n duidelike toename in die obstrusie van haar lugweë veroorsaak het. Die nek is deur die gewone kropsnit oopgemaak. Die arteria carotis communis is gevind en awfaarts gevolg. Dit het agter die aneurismale massa awfaarts geloop en tot so ver as wat met vingerdisseksie bereik kon word, kon geen verband met die aneurismale massa gevind word nie. Daar is dus op hierdie stadium geen transplantaat ingeset om die sirkulasie van links na regs oor te bring soos in geval No. 4 nie.

Die toraks is deur 'n dwarsnit deur die sternum en albei tweede tussenribruimtes oopgemaak en albei pleuraholtes is binnegegaan. 'n Geweldige groot aneurisma, waarvan die basis vanaf die aortabooog minstens 7 sm. lank was, is gevind. Die hele omvang van die basis vanaf die aorta kon nie bygekom word nie, en dit is onseker presies wat die verhouding tot die groot takke van die aorta was. Alleenlik die linker arteria subclavia kon gevind word en dit was deur die aneurisma erg na links verplaas. Die arteria anonyma en die arteria carotis communis sinistra het waarskynlik van die

agterkant van die aneurisma of vanaf die aorta agter die aneurisma ontspring. Na boontoe het die aneurisma tot in die nek gestrek. Voor was dit heeltemal vas aan die sternum. Agter het dit kwaai druk op die trachea uitgeoefen, wat hier feitlike platgedruk was. Omrede die geweldige lengte en breedte van die basis van die aneurisma, het dit nie prakties gelyk om die basis met 'n klem af te snoer en laterale herstel te doen nie. Dit is derhalwe as onoperabeel beskou. Nadat 'n dreineringbuis in elke pleuraholte geplaas is, is die wonde gesluit. Met verwydering van die intra-tracheale buis aan die einde van die operasie het die pasiënt dadelik moeilik asemgehaal, en moes die buis teruggeplaas word. Eers na omtrent 24 uur is dit heeltemal uitgehaal. Daarna was intra-tracheale aspirasie nog eenmaal nodig. Sy is in 'n suurstoftent gehou en na sowat 3 dae het sy weer redelik asemgehaal. Hoewel sy self beter gevoel het, was haar toestand sowat 6 weke later feitlik dieselfde as voor operasie.

#### Opmerkings

Dit is miskien moontlik dat vervanging van die hele aortabooog met gebruik van omleidings in hierdie geval oorweeg kan word, indien haar simptome lewensgevaarlik word.

#### BESPREKING VAN BEHANDELING VAN AORTA-ANEURISMAS

Ten spye van sporadiese pogings van chirurge in verskillende dele van die wêreld gedurende die afgelope 50 jaar om aorta-aneurismas operatief te behandel, is hulle tot betreklik onlangs deur die geneeskundige beroep as buite bereik van operatiewe behandeling beskou. In die afgelope 10 jaar is indirekte operatiewe metodes, soos die gebruik van groot hoeveelhede fyn draad in die aneurisma om stolling te veroorsaak (veral deur Blakemore op die voorgrond gestel), en die gebruik van fibroplastiese stowwe om die aneurismawand van buiten af te versterk, op die proef gestel, maar weens betreklike swak resultate, vervang deur direkte operasies vir verwydering van die aneurisma. Met die groot vordering op die gebied van die vaatchirurgie in die afgelope jare het dit moontlik geword om die verwyderde aneurisma met groot welslae met arteriële transplantate of plastiese prosteses te vervang. 'n Kort oorsig oor die moontlikhede van hierdie direkte operatiewe ingrepe

TABEL I

	<i>Aneurisma van Torakale Aorta</i>	<i>Aneurisma van Abdominale Aorta</i>
Etiologie	Gewoonlik lueties.	Gewoonlik aterosklerosis.
Patologie	Soms ateroskleroties. Selde traumatis.	Soms lueties.
Klinies	Meestal sakvormig. Af en toe spoelvormig.	Gewoonlik spoelvormig. Meestal onderkant art. renales geleë.
Prognose	Gewoonlik onder 55 jaar. Dikwels pyn of simptome van druk op trachea, esofagus of been (erosie).	Gewoonlik oor 60 jaar. Pyn minder gewoon.
	Beenerosie seldaan.	Nie so erg nie, en meer wisselvallig. Kan soms jare teenwoordig wees, maar kan soms lek of bars.

volg. Dit is gerieflik om aneurismas van die torakale en abdominale dele van die aorta afsonderlik te bespreek. Tabel 1 vergelyk baie kortlik die etiologiese, patologiese en kliniese eienskappe van aneurismas in hierdie twee liggings.

Op *aneurismas van die torakale aorta* word twee soorte direkte operasies gedoen, naamlik: (i) Eksisie van die aneurismale sak, en laterale herstel van die aorta, soos in geval No. 4 gedoen is. Ten spye van verspreide luetiese veranderinge in die aorta, blyk dit dat in die meerderheid van hierdie gevalle die aortawand om die basis van die aneurisma sterk en taai genoeg is om, eerstens, die afsnoerende klem, en, tweedens, die hegtings te hou. Die metode is dus prakties uitvoerbaar en kan in geskikte gevalle met welslae toegepas word, soos uit artikels deur o.a. Debakey en Cooley,<sup>3</sup> en deur Bahnhson<sup>2</sup> blyk. Weens die swak vooruitgang vir hierdie pasiënte sonder operatiewe behandeling, behoort operasie aanbeveel te word.

(ii). Eksisie van die aangetaste deel van die aorta tesame met aneurisma, en vervanging daarvan deur 'n transplantaat. Terwyl metode (i) gebruik word vir die meer gewone sakvormige tipe van aneurisma in die torakale aorta, word hierdie metode nodig vir die minder gewone spoelvormige tipe aneurisma of vir die sakvormige tipe wat 'n baie breë basis het. Afklemming van die hele aorta terwyl eksisie en oorplanting gedoen word, skep ernstige probleme wat mettertyd oopgelos word. Die belangrikste van hierdie probleme is die arteriële voorsiening van die dele distaal tot die klem, naamlik, die harsings (indien proksimaal tot 'n arteria carotis communis afgeklems), die rugmurg, die niere, lever en ingewande. Nog 'n probleem ontstaananneer afklemming proksimaal tot die linker arteria subclavia gedoen moet word, omdat daar dan meer las op die hart geplaas word, moontlik met gevolglike akute hartversaking. Hierdie probleme word nou die hoofgebied deur die gebruik van tydelike omleidingstransplantate wat voor afklemming van die aorta proksimaal en distaal van die patologiese deel ingeplant word, om die bloedsomloop gedurende afklemming, verwyderring van die aneurisma en vervanging in stand te hou (die beginsel van omleiding is in geval No. 4 gebruik). Met gebruik van hierdie metode is aneurismas van die aorta descendens en van deel van die aortabooog met welslae verwijder. Pogings om die hele aortabooog te verwijder en vervang is ook al aangewend,<sup>4</sup> maar sover bekend, tot dusver net met tydelike sukses. Dit lyk egter baie waarskynlik dat die hele aortabooog binnekort met sukses verwijderbaar sal wees. Om die verminderde distale bloedsomloop gedurende afklemming minder gevaarlik te maak, is al van algemene liggaamsverkoeling gebruik gemaak, maar dit skyn asof doeltreffende omleidings hierdie metode sal vervang. Hoewel beskadiging van die rugmurg veel minder waarskynlik is wanneer tydelike omleidings gebruik word, moet gewaarsku word dat die arteriële toevoer na hierdie deel van die torakale rugmurg so swak en wisselvallig is, dat onderbinding van slegs 'n paar interkostale arteries tot ischemie van die rugmurg kan lei.<sup>5</sup>

Hoewel dissekerende aneurismas nie nou ter sprake is nie, kan net daarop gewys word dat selfs hierdie nooddottige toestand al in enkele gevallen met welslae operatief behandel is.

*Aneurismas van die abdominale aorta* is meer vatbaar vir operatiewe behandeling as die van die torakale aorta. Meer as 90% van hierdie abdominale aorta-aneurismas lê distaal tot die niovate, en die bespreking

sal tot hierdie groep beperk word omdat hulle in teenstelling met die wat op hoogte van of hoër as die niovate geleë is, 'n redelike kans vir operatiewe behandeling bied. Hierdie aneurismas is gewoonlik spoelvormig en is dus nie vatbaar vir eksisie van die aneurismasak en laterale hegting nie. Eksisie van die hele aangetaste deel van die aorta tesame met die aneurisma moet gedoen word. Gelukkig is afklemming van hierdie deel van die aorta vir 'n redelike tyd (tot 2 uur, indien nodig) sonder noemenswaardige gevaar vir die distale dele. Hierdie operasie is reeds in honderde gevallen gedoen al, met 'n sterfesyfer wat wissel van 10 tot 20% in gevallen wat opereer is voordat lekkasie plaasgevind het. Die meerderheid van die sterftes was die gevolg van geïmpakteerde arteriële siekte in lewensbelangrike organe, soos die hart of niere.

Dit is dus duidelik dat daar 'n operasie vir die genesing van abdominale aorta-aneurisma beskikbaar is. Die vraag waaroor geen eenstemmigheid bereik is nie, is of alle pasiënte met abdominale aorta-aneurismas opereer behoort te word, en, indien nie, wat die aanduidings vir operasie in enige bepaalde geval is. Hier volg 'n baie beknopte oorsig oor sekere artikels en menings omtrent die saak:

Kampmeier<sup>6</sup> het reeds in 1936 'n mededeling gemaak i.v.m. 73 gevallen van abdominale aorta-aneurisma, waarvan 57·3% lueties was en sowat 67·6% onder die ouderdom van 45 jaar was. Van 38 van hierdie pasiënte wat dood is, het 31 gesterf as gevolg daarvan dat die aneurisma gebars het. Hierdie bevindings sou die indruk skep dat so 'n aneurisma uiterlig is, maar daar moet onthou word dat Kampmeier se reeks 'n hoë persentasie luetiese aneurismas bevat het, en gevolglik nie streng vergelykbaar is met die arteriosklerotiese tipe wat hedendaags oorwegend is nie. In hierdie verband kan na die werk van Maniglia en Gregory<sup>7</sup> verwys word. Na aanleiding van 'n analiese van 6,000 lykskouings het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat abdominale aorta-aneurismas toeneem in vergelyking met torakale aorta-aneurismas, dat arteriosklerotiese aneurismas toeneem in vergelyking met luetiese aneurismas, en wat abdominale aorta-aneurismas betref 96% arterioskleroties is. Hulle skryf hierdie veranderinge toe aan die afname in lues as sulks, en die toenemende arteriosklerose a.g.v. die bereiking van hoë leeftye. Estes,<sup>8</sup> 'n internis van die Mayo Clinic, het in 1950 verslag gedoen oor 102 gevallen van abdominale aorta-aneurisma, waarvan 97 as arterioskleroties beskou is. Van hierdie gevallen het omstreng  $\frac{1}{2}$  binne 'n jaar nadat die diagnose gemaak is, gesterf; omstreng 50% het binne 3 jaar gesterf; en omstreng 80% binne 5 jaar. Van pasiënte wat gesterf het, was lekkasie of bars van die aneurisma die oorsaak van die dood in omstreng 63%. Volgens sy bevindings was die gevaar van dood as gevolg van die aneurisma self dus matig groot. Hy het terloops ook die mening uitgespreek dat die prognose nie beter is in pasiënte sonder simptome as in die met simptome nie. Blakemore<sup>9</sup> meen, na aanleiding van 32 gevallen, dat diegeleë buikpyn, lae rugpyn (as dit aan die aneurisma toegeskryf kan word) en pyn wat na die heupe of bene uitstraal, tekens van dreigende gevaar is, en gevolglik ten gunste van operatiewe behandeling gereken moet word. Rob<sup>10</sup> verwys na die bevinding van

Colt in die oud langer le maar tussen lu Crane<sup>11</sup> tiese ab dat in 1 aneurism kleiner a wat min deursnee gevolgtr aneurism maande gemaak 1954 tyd dat abd opereer dood ve menings word di

Opera aangedui voorkom siekte o 'n deurs lae rugp aneurism

Opera van hoë van enig twee te persone snee van daarvan driemaar groot oper

Geval op hulle moontlik

Gebars valle 1 en die aand die toes (Engels: onmiddelklike. Me of dae of pasient te kry vir van pasie wat ander gered ka abdomin is wat dramatiese wat volk

teenervate  
deling  
ing en  
ak en  
etaste  
moet  
deel  
(nodig)  
dele.  
en al,  
evalle  
Die  
n ge-  
organe,

mesing

Die

nie,

is

aneur-

sme

rismas

er die

siënte

at die

die u

die lik

is,

reeks

et, en

klero-

niedie

category

6,000

om dat

lykning

otiese

neur-

betrif

eringe

me in

vefty.

1950

aorta-

ou is.

dat die

binne

Van

an die

63%

od as

Hy het

ognose

met

van 32

dit aan

na die

haar is,

deling

van

Colt in 1927 dat pasiënte met aneurismas wat eers na die ouderdom van 60 jaar ontdek word, gewoonlik langer lewe as die wat in die dertiger- of veertigerjare is, maar hierdie bevinding kan moontlik net die onderskeid tussen luetiese en arteriosklerotiese aneurismas aandui. Crane<sup>11</sup> het lykhouings op 44 gevalle van arteriosklerotiese abdominale aorta-aneurisma nagegaan, en gevind dat in 15 gevallen die dood veroorsaak is deurdat die aneurisma gebars het. Van hierdie 15 gevallen was net 1 kleiner as 6 sm. deursnee (uit 'n totaal van 26 gevallen wat minder as 6 sm. was) en 14 was groter as 7 cm. deursnee (uit 17 wat oor 7 sm. in deursnee was). Sy gevolg trekking was dat solank die deursnee van 'n aneurisma minder as 6 sm. is, die gevaar dat dit binne maande sal bars, baie gering is. Dan moet nog melding gemaak word van die mening van Michael Boyd wat in 1954 tydens 'n besoek aan Suid-Afrika uitgespreek is, dat abdominale aorta-aneurismas wat nie lek nie, nie opeere behoort te word nie, omdat hulle so selde die dood veroorsaak. Uit die voorafgaande artikels en menings tesame met 'n geringe plaaslike ondervinding, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

**Operatiewe behandeling van die aneurisma** word aangedui in 'n pasiënt wat andersins redelik gesond vorkom, en geen tekens van ernstige koronêre vaatsiekte of niersiekte toon nie; wat 'n aneurisma het met 'n deursnee van meer as 7 sm.; of wat die geplante buikpyn, lae rugpyn of pyn in die heupe en bene het, wat aan die aneurisma toegeskryf kan word (Vgl. gevval 3).

Operasie word nie aangedui in persone wat omrede van hoë ouderdom, ander ernstige vaatsiekte of siekte van enige aard nie verwag word om meer as 'n jaar of twee te lewe nie. Dit word ook nie aangedui in ouer persone bv. oor 70 jaar, wat 'n aneurisma met 'n deursnee van minder as 6 sm. het, en wat geen simptome daarvan ondervind nie. Laasgenoemde groep moet driemaandeliks gesien word. Duidelike toename in grootte met ontwikkeling van simptome sou waarskynlik tog operasie hier aandui.

Gevalle wat nie in een van hierdie groepe val nie, moet op hulle meriete behandel word. Latere ervaring mag moontlik wysiging van hierdie voorstelle nodig maak.

**Gebarste abdominale aorta-aneurismas** (waarvan gevallen 1 en 2 voorbeeld is) behoort meer pertinent onder die aandag van geneeskundiges gebring te word. Hoewel die toestand as 'n "gebarste aneurisma" beskryf word (Engels: ruptured aneurysm) is dit baie dikwels nie onmiddellik noodlottig soos miskien verwag kon word nie. Meestal is dit 'n lekkende aneurisma, wat oor ure of dae of selfs weke lek voordat dit tot die dood van die pasiënt lei. Om hierdie rede is daar byna altyd tyd om die pasiënt na 'n geskikte hospitaal te bring en gereed te kry vir operasie. Dit is waarskynlik dat omstreng 60% van pasiënte met gebarste abdominale aorta-aneurismas, wat andersins sekerlik noodlottig sou wees, deur operasie gered kan word. Die stelling dat 'n gebarste of lekkende abdominale aorta-aneurisma 'n chirurgiese noodtoestand is wat onmiddellike operasie vereis, is nie bloot 'n dramatiese gebaar van die chirurg nie, maar 'n feit wat volkomme aanvaar en toegepas behoort te word.

## B. ANEURISMAS VAN DIE PERIFERE ARTERIES

### Geval No. 6: Arteriële Aneurisma en Fistel tussen Linker Arteria Subclavia en Vena Subclavia

In Blanke man, 50 jaar oud, is onder dr. F. Ziady opgeneem met klages van toenemende kortasemigheid en moegheid en geringe edemeen van die onderben. Hy is 19 jaar gelede deur 'n naturel met 'n mes in die linker supraklavikulêre gebied gesteek. Daar was dadelik kwaai bloeding, wat na tydelike stelping deur plaaslike druk deur sy vrou, deur sy dokter gestelp is, deur die wond te heg. Weens verdere lekkasies moes meer hettings die volgendeoggend ingesit word. Die wond het goed genees, maar betreklik kort daarna het hy van 'n trilling in die gebied bewus geword, wat tot opname nog altyd waarneembaar was. Daar het ook 'n knop ontstaan wat min of meer dieselfde grootte gehad het. Sy linkerarm het gedurende die eerste paar dae na die besering swak en dood gevoel maar het met verloop van maande geleidelik verbeter en weer sterk genoeg geword om hom in staat te stel om sy werk te doen.

Met ondersoek van die nek is daar bokant die middelste deel van die clavicula 'n kloppende geswel, omtrent 2 by 3 sm. groot, sigbaar. Die oorspronklike wondjie is goed genees maar nog oor die laterale deel van die geswel sigbaar. Die veneae van die linkerkant van die nek is uitgeset vergeleke met die regterkant. Met betasting is die opvallende bevinding 'n groewe trilling oor die knop en 'n groot deel van die supraklavikulêre gebied. Die geswel lê bokant die middelste derde van die clavicula, maar sy onderste rand verdwyn agter die clavicula. Die hele geswel toon uitsettende klopping, behalwe vir die boonste deel wat baie hard is en net saam met die res beweeg word. Met beluistering word 'n growwe geruis gehoor wat, hoewel harder gedurende die sistoliese fase, tog baie duidelik hoorbaar is gedurende diastole. Die geruis is op sy hardoste oor die geswel, maar word ook mediaalwaarts oor die mediale deel van die clavicula, lateraalwaarts oor die boonste deel van die arm en na onder toe net onderkant die clavicula gehoor. Oor die carotisvate was dit moeilik hoorbaar.

Die linkerboarm was dikker as die regter. Daar was geen opvallende tekens van inkorting van die arteriële bloedsomloop van die linkerarm nie. Die polse was in die twee arms goed voelbaar, maar die bloeddruk was links 140/80 mm. Hg., vergeleke met 210/100 mm. Hg. regs. Die bewegings van die linkerarm was normaal en daar was geen opvallende sensoriese gebrek nie.

Ondersoek van die hart het net matige algemene vergroting daarvan getoon. Die tweede klanke by die aortagebied was harder as normaal. Radiologiese ondersoek van die hart het matige vergroting waarskynlik hoofsaklik van die linker ventrikel getoon.

Radiologiese ondersoek van supraklavikulêre gebied het 'n verkalking van omstreng 1½ cm. deursnee getoon. Arteriogram is nie gedaan nie, omdat daar verwag is dat met so 'n groot knop, dit onwaarskynlik sou wees dat die fistel self duidelik omlyn sou kon word. Daarby sou 'n arteriogram van hierdie gebied tegniek moeilik en moontlik gevaarlik wees. Die linker diafragma het goed beweeg.

Die diagnose van 'n traumatische arterioveneuse fistel met aneurismale uitsetting van die arteria subclavia self of van die fistel, is gemaak. Dit is baie waarskynlik geag dat die arterioveneuse fistel tot die hartvergroting en ligte versakingsbeeld bygedra het. Die ander faktor wat hier toe bygedra het, was die essensiële hypertensie waaraan hy gekly het. Operasie is aanbeveel, hoofsaklik met die bedoeling om die fistel te sluit en sodoende die las op die hart te verminder.

Operasie is op 27 Junie 1956, onder algemene narkose deur dr. Pen Wessels, gedaan. 'n Snit is aan die linkerkant van die nek net bokant die hele lengte van die clavicula gemaak, en die middelste 2/3des van die been verwijder. Weens die digte verklewing van die strukture in die omgewing was die disseksie besonder moeilik, maar uiteindelik kon die volgende uitgeken word: die kloppende geswel self, wat 'n aneurismale uitsetting van die arteria subclavia was; die aansluiting van vena subclavia en vena jugularis interna en die erg uitgesette ductus thoracicus (geskat op omstreng 8 mm. dikte); die plexus brachialis, waarvan die mediale deel aan die laterale deel van die aneurisma erg verkleef was; en die fistel wat tussen die onderkant van die arteriële aneurisma en die vena subclavia gestrek het, en omstreng 7 mm. lank, 8 mm. diep, en 11 mm. breed was. Die fistel is gesluit deur die vena subclavia proksimaal en distaal daarvan af te bind, en die oorsprong van die fistelgang

vanaf die arteriële aneurisma toe te werk. Die arteriële aneurisma het mediaalwaarts en afwaarts gestrek tot agter die mediale deel van die clavicula en die sternum, en sy onderste einde kon nie vanuit die nek bereik word nie. Omrede die lige hartversaking, die noodsaklikheid van 'n meer uitgebreide toegang bv. transsternaal—indien die aneurisma verwyder sou moes word, die erge verklewing aan die plexus brachialis en die feit dat die aneurisma self nie oor jare toegeneem het nie, is besluit om geen poging aan te wend om dit te verwyder nie. Die wond is op die gewone manier gesluit sonder enige poging om die clavicula te herstel.

Na operasie was daar vir omtrent 5 dae edeem van die linkerarm wat daarna geleidelik, maar volledig verdwyn het. Hy is 6 weke later weer gesien. Die wond was mooi genees. Daar was geen teken van trilling of geruis nie, maar die kloppende geswel was nog voelbaar. Daar was geen edeem of neurologiese afwyking van die linkerarm nie. Bewegings van die skouer was normaal. Hy het gesê dat hy minder kortasemig en minder moeg as voorheen voel. Sy arteriële bloeddruk was hoër as voorheen, naamlik 230/130 mm. Hg. i.p.v. 210/100 mm. Hg. Hy is weer 4½ maande na operasie gesien. Sy simptome het heeltemal verdwyn en hy het selfs op eie houtjie al 'n bietjie krieket gespeel. Hy het sonder digitalis en kwik, wat voorheen nodig was, goed klaargekom. Die bloeddruk was nog 230/130.

#### Opmerkings

Die toegang tot die arterioveneuse fistel deur verwydering van die middelste 2/3des van die clavicula was in hierdie geval voldoende. Dit was egter ontoreerkend vir goeie blootlegging van die arteriële aneurisma, waarvoor sternumslittings waarskynlik nodig sou gewees het. Die vraag of dit nou wel die arterioveneuse fistel was wat die lige hartversaking en hartvergrating veroorsaak het, is nog nie met sekerheid opgelos nie, omdat die moontlikheid bestaan dat die hipertensie alleen hiervoor verantwoordelik kon gewees het. Die opvallende kliniese verbetering 4½ maande na operasie, is egter sterk ten gunste daarvan dat die arterioveneuse fistel 'n belangrike rol in sy hartversakingsbeeld gespeel het. Die styling in die diastoliese bloeddruk na operasie is interessant, en miskien nie onverwags nie.

#### Geval No. 7: Aneurisma van die Arteria Femoralis.

'n Blanke vrou, 65 jaar oud, is onder dr. C. A. R. Schulenburg opgeneem omrede van kwaai pyn en 'n kloppende geswel in die linkerlies. Sy was al 'n paar jaar bewus van 'n ongemak in die linkerlies, en het verskeie maande gelede 'n kloppende geswel daar opgelet, wat seldertiden groter begin word het. Omtrent dieselfde tyd het dit pynlik begin word. Die pyn wat in die linkerlies die ergste was, maar ook in die linkerheup en langs die dy af gevlooi is, het geleidelik toegeneem, sodat sy vir die afgelope maand moeilik kon stap en vir die afgelope 2 weke genoodsaak is om in die bed te bly. 'n Paar maande gelede het die linker onderbeen geswel, maar die geswel het geleidelik afgeneem, sodat daar op die oomblik geen onderbeengeswel is nie. Sy het nooit van kloudikasie-pyn gekla nie. Sy onthou geen besering of operasie in die gebied nie. Daar is geen klages i.v.m. die hart, longe of ander stelsels nie.

Met ondersoek is dit dadelik opvallend dat sy baie pyn verduur. As sy plat op haar rug lê word die linkerheup in 'n fleksiestand van ongeveer 30 grade gehou. Pogings om die been plat op die bed te druk veroorsaak aansienlike pyn. Daar is 'n groot, vaagomlynde geswel in die gebied net onderkant die linker liesligament sigbaar. Dit strek mediaalwaarts tot omtrent 1 sm. vanaf die tuberculum pubis, lateraalwaarts tot omtrent 2 sm. vanaf die spina iliaca anterior superior en afwaarts tot omtrent 8 sm. onderkant die liesligament. Met betassing word gevind dat die grense van die geswel taamlik swak afgebaken is, maar dat 'n verlenging daarvan opwaarts agter die liesligament voelbaar is. Die geswel was erg drukgevoelig. 'n Harde sistoliëse geruis was oor die hele kloppende geswel, maar nie verder af- of opwaarts nie, hoorbaar. Oor die ligging van aansluiting van arteria femoralis en aneurisma kon ook 'n sagte diastoliese geruis gehoor word. Die onderbeen pulse was normaal en geen ander afwyking kon hier gevind word nie. Die bloeddruk was 160/110 mm. Hg. Kliniese en elektrokardiografiese ondersoek van die hart het geen afwyking getoon nie. Die res van die bloedvaatstelsel het geen groewe afwyking getoon nie.

Die kliniese diagnose was die van aneurisma van die linker arteria femoralis. Omrede vinnige toename in pyn in die voorafgaande 2 weke, tesame met die drukgevoeligheid, is dit vermoed dat die aneurisma aan die lek was.

Operasie is op 8 September 1956 gedoen, onder algemene narkose deur dr. Barnard. Die arteria iliaca externa is deur 'n snit parallel met en 2 tot 3 sm. bokant die liesligament blootgelê. Die arteria iliaca externa is losgemaak en met 'n kateter omsingel vir gebruik indien skielik nodig. 'n Snit is in die boonste derde van die dy oor die lyn van die arteria femoralis gemaak, en die arteria onderkant die aneurisma gevind en opwaarts gevloog tot by die aneurisma. Daar is gevind dat die arteria femoralis net vir ongeveer 2½ sm. onderkant die liesligament aangesas is, en dat die aneurisma vanaf 'n latere opening in die arteria femoralis ontspring het en opwaarts en afwaarts vergroot het. Die arteria iliaca externa is bokant die aneurisma, en die arteria femoralis onderkant die aneurisma met Dieffenbach klemme afgeklem, en 15 ml. verdunde Heparinoplossing (5,000 internationale eenhede per 200 ml. normale soutoplossing) distaal ingespuit. Klopping het opgehou, maar die aneurisma was nog taamlik stijf gespan. Die aneurismask is oopgemaak en die stolsel daaruit verwyder. Bloeding het nog plaasgevind deur twee kollaterale vate in die boonste deel van die arteria femoralis waaruit die aneurisma ontspring het. 'n Klem is hierop geplaas. Die opening van die femoralis in die aneurismask was op die latere oppervlakte daarvan en was omtrent 2 sm. lank. Die wand van die arteria was hier erg verkalk. Die sak het in die diepte tussen iliopsoas en pectineus ingedring, na boontoe tot omtrent 2 sm. bokant die liesligament, afwaarts omtrent 8 sm. en lateraalwaarts omtrent 10 sm. gestrek. Dit is stuksgewyse verwyder. Die mediale deel was matig verkleef aan die vena femoralis, maar kon verwyder word. 'n Klein stukkie sak bokant die liesligament is nie verwyder nie. Daar het 'n tamlike diep holte oorgebly wat gedeeltelik opgevul is deur die iliopsoas en pectineus met 'n paar kroombraade na mekaar te trek. Die aangesaste deel van die arteria femoralis is verwyder. Die iliaca externa was 'n bietjie ateromatous maar nie baie erg nie. Die gaping van ongeveer 5 sm. is met 'n bevore droegdroe carotis communis transplantaat oorbrug. Met loslatting van die klemme, wat ongeveer 130 minute op was, het distale klopping plaasgevind. Geen val in die bloeddruk is opgelet nie. Die wond is op die gewone manier gesluit met spesiale aandag aan die diep fascia, en 'n klein dreineringsbus is net tot in die holte geplaas. Sy het die operasie goed verdra en dadelik na operasie was die voetpolse goed voelbaar.

Na operasie is die voetenend van die bed opgelig gehou en antibiotika is toegedien. Geen Heparin is gebruik nie. Behalwe vir geringe edeem van die onderbeen wat sowat twee weke na operasie verskyn het, het sy goed herstel. Sy is na ontslag nog nie weer gesien nie.

#### Opmerkings

Die verwyderde stukkie arteria femoralis was erg verkalk, en die iliaca externa het enkele aterosklerotiese kolle getoon. Die Kolmer reaksie was negatief. Die aneurisma word dus as 'n aterosklerotiese aneurisma beskou. Die diagnose van moontlike lekkasie was verkeerd, maar dit is redelik seker dat die toenemende pyn die gevolg was van vinnige uitsetting van die aneurisma.

#### Geval No. 8: Aneurisma van die Arteria Poplitea.

'n Blanke vrou, 69 jaar oud, is onder prof. C. H. Derksen opgeneem met die klage van 'n pyynlike kloppende geswel in die regter fossa poplitea. Sy was 6 maande vroeër 'n patiënt in die Interne Afdeling met klages van kloudikasie in die linkerbeen. Arteriografie, wat destyds gedoen is, het 'n afsluiting van die linker arteria femoralis met redelike goeie kollaterale sirkulasie getoon. Daar is teen enige operatiewe ingryp besluit en medikamenteuse behandeling is gegee. 'n Paar weke voor opname het sy edeem van die regter onderbeen gehad wat deur haar huisdoekster as diep veneuse trombose beskou is. Dit het tot 'n mate verbeter, maar 10 dae voor opname het sy pyn in die onderste mediale deel van die regter en fossa poplitea ondervind en 'n geswel hier opgelet. Sy het dit moeilik gevind om te stap en het ook kramppyne in die kuit gekry. Sy ly al jare aan hoge bloeddruk en is geneig om maklik moeg te word en hoofpyn te kry.

Ondersoek Sy is 'n gesette vrou wat nie tekens van ernstige hartversaking toon nie. Die bloeddruk was 230/120 mm. Hg. Daar was matige hartvergrating, maar geen ander afwyking nie. Aan die mediale kant van die heel onderste deel van die regter en in die mediale deel van die fossa poplitea was 'n kloppende geswel sigbaar en voelbaar. Die grootte was ongeveer 7 by 4 sm. In hierdie been kon die arteria femoralis se pulsasie baie goed gevloei word, maar die tibialis posterior pulsasie was afwesig en die dorsalis pedis het baie swak geklop. Tog was daar nie tekens

van ernstige  
In die voete  
aneurismatiese  
Die kliniek  
popliteale  
te doen en  
bokant die  
was. Die  
oop, trou  
uitvlöei a  
in grootte  
sorgvuldig  
sorgvuldig  
operasie  
skynlik nie.

Operasie  
deur dr. L  
linkerbeen.  
Die regter  
tafel gelê  
of meer  
bokant die  
suiwer po  
geleid was.  
is die art  
loslatting  
Die aneu  
vinger bin  
vergemaak  
in die ges  
van die a  
bevorte g  
Na loslat  
gevind, en  
maale ana  
bloeddruk  
opgehou.  
van die b  
van voldo  
die operat  
ers na 2  
gestyg. I  
aandag a  
Na opna  
24 uur ko  
gekry. E  
voet duid  
met gerin  
'n opperv  
eindelik t  
5 maande  
die been.  
regter- of  
Haar bloo

Opmerkin

Die toeg  
maar die  
weet as v

Die gev  
kon nie a  
vergelyk  
operasies  
Die ver

in die voe  
vaatspas

BESPREK  
sienlike

arkose parallel arteria  
bruikly oor verkant arteria.  
sm. arteria  
net en interna is  
die dundude  
0 ml.  
gehou, masak  
et nog  
an die Klem  
risma-  
2 sm.  
ak het  
pontoe  
8 sm.  
gewys  
vena  
oorkant  
diep pas  
e aan-  
externa  
van  
munis  
geve  
val  
manier  
klein  
operasie  
elbaar.  
hou en  
halwe  
ke na  
nog nie

arkose is parallel arteria  
bruikly oor verkant arteria.  
sm. arteria  
net en interna is  
die dundude  
0 ml.  
gehou, masak  
et nog  
an die Klem  
risma-  
2 sm.  
ak het  
pontoe  
8 sm.  
gewys  
vena  
oorkant  
diep pas  
e aan-  
externa  
van  
munis  
geve  
val  
manier  
klein  
operasie  
elbaar.  
hou en  
halwe  
ke na  
nog nie

Die kliniese diagnose was aneurisma van die regter femoropopliteale aansluiting. Daar is besluit om 'n femorale arteriogram doen om vas te stel wat die toestand van die arteria femoralis bokant die aneurisma was, en hoe goed die uitvloei distaal daarsoewas. Die arteriogram het getoon dat die arteria femoralis goed oop, trouens wyer as normaal, was, maar ongelukkig het die belangt gedurende die arteriogram te vroeë plaasgevind om die distale uitvloei aan te du. Operasie is aanbeveel omdat die aneurisma in grootte toegeneem het en pynlik was, wat die moontlikheid van dreigende lekkas gesel het. Indien die aneurisma toevallig ontdek sou gewees het, en geen simptome sou veroorsaak het nie, sou operasie in haar geval omrede van haar baie hooibloeddruk waarskynlik nie aanbeveel gewees het nie.

Operasie is op 24 Mei 1956, gedoen onder algemene narcose deur dr. Dippenaar. Die pasiënt het op haar regtersy geleë met haar linkerbeen hoog opgetrek, sodat sy byna op haar maag gelê het. Die regterbeen het op sy anterolaterale oppervlakte op die operasietafel geleë en die posteromediale deel van die onderste 2/3des van die dij is blootgelê tesame met die fossa poplitea. 'n Skuins snit min of meer in die rigting van die arteria femoralis en poplitea is gemaak. Die arteria poplitea is onderkant en die arteria femoralis bokant die aneurisma blootgelê. Dit is gevind dat die aneurisma suwer popliteal was omdat dit onderkant die adduktore hiatus geleë was. Voordat verdere manipulasie en disseksie gedoen is, is die arteria bokant en onderkant die aneurisma afgeklem om loslatting van stolsels, wat embolie kon veroorsaak, te voorkom. Die aneurismasak is oopgemaak en stolsels verwys om met die vinger binne in die sak disseksie van die omliggende weefsels te vergemaklik. Dit was erg verkleef aan die vena femoralis, enveral in die gebied agter die semimembranosus en semitendinosus spiere was disseksie moeilik. Na verwydering van die aangestaste deel van die arteria en aneurismale sak is die gaping oroorrug met 'n bevore gedroogde arteria carotis communis homotransplantaat. Na loslatting van die beherende klemme het die distale pulsasie plaasgevind, en heelwat meer as die gewone bloeding het by die proksiale anastomose ontstaan, waarskynlik a.g.v. die verhoogde bloeddruk. Dit het bloot met plaaslike druk en 'n enkele steek opgehou. Na loslatting van die klemme het 'n geweldige daling van die bloeddruk na 70 mm. Hg. sistolies plaasgevind, ten spye van voldoende vervanging van verlore bloed. Aan die einde van die operasie was die bloeddruk maar 120/70 mm. Hg., en dit het eers na 2 of 3 dae weer geleidelik na die vooroperatiewe hoogte gestyg. Die wond is op die gewone manier gesluit met spesiale aandag aan die diep fascia.

Na operasie was sy vir 2 dae baie lomerig. Die voet het vir 24 uur koud en bleek gebly, maar na 48 uur het dit 'n goeie kleur gekry. Eers na 'n paar dae kon die pols op die dorsum van die voet duidelik gevoel word. Sy is na ongeveer 2½ weke ontslaan, met geringe geswel van die onderben en 'n blaas op die hak, wat 'n oppervlakkige ulkus gelaat het wat taamlik traag, maar uiteindelik tog wel genees het. Berigte van haarself en haar dokter 5 maande na operasie dui op 'n redelik bevredigende toestand van die been. Sy kan nog nie lang afstande stap nie, maar of dit die regter- of die linkerbeen is wat haar inkort, is nie vermeld nie. Haar bloeddruk is nog baie hoog.

#### Opmerkings

Die toegang bied redelike goede blootlegging van hierdie gebied, maar die semimembranosus en semitendinosus spiere kan lastig wees as verklewings direk agter hulle geleë is.

Die geweldige daling in bloeddruk na loslatting van die klemme kon nie aan bloedverlies toegeskryf word nie, en kon moontlik vergelykbaar wees met tourniquetskok wat al in 'bloedlose veld' operasies beskryf is.

Die vertraggde verskyning van tekens van goede bloedsomloop in die voet eers omrent 48 uur na operasie moet waarskynlik aan vaatspasme toegeskryf word.

#### BESPREKING VAN BEHANDELING VAN ANEURISMAS VAN DIE PERIFERE SLAGARE

Hoewel chirurge veral a.g.v. oorlogsbeserings aansienlike ervaring met die behandeling van perifere

arteriële aneurismas opgedoen het, was die resultate, hoewel in sekere opsigte bevredigend, nie ideaal nie. Tot omrent 10 jaar gelede was die hoofdoel van die operasie die verwydering of afsluiting van die aneurisma, bv. deur eksisie of deur Matas se obliteratieve endoaneurismografie. Die arteriële toevoer na die distale dele moes deur die kollaterale vate behartig word. Hoewel gangreen gewoonlik nie ontstaan het nie, was die arteriële toevoer dikwels onvoldoende vir oefening, en die pasiënt het gevoldig aan kluudikasie gely. Ten spye van die werk van Alexis Carrel wat reeds vroeg in hierdie eeu gedoen is, en waarvoor hy die Nobel prys toegeken is, het sy bewyse dat arteries geheg en oorgewaagd kan word onbenut gebly tot ongeveer die afgelope 10 jaar. Die hedendaagse neiging in die behandeling van perifere arteriële aneurismas is om die aneurismale deel van die slagaar toe te verweder en te vervang met 'n transplantaat van een of ander aard. Oor die algemeen is hierdie beleid geslaagd gewees, beide uit die oogpunt van bewaring van die ledemaat en uit die oogpunt van behoud van normale funksie, ook met oefening. Die belangrikste punt waarop nog twyfel gewerps kan word, is die vraag of die homotransplantate permanent goed sal werk, sonder om af te sluit of aneurismaal te word. Die finale antwoord hierop kan nog nie gegee word nie. Enkele gevalle van aneurismavorming in die transplantaat is al beskryf. Meer gevalle van trombose in die transplantaat is al aangemeld, maar hulle is nog maar 'n klein minderheid. Verkalking in transplantaat is al beskryf, ook in eksperimentele werk, maar het nog nie in die praktijk groot moeilikheid opgelewer nie. Daarteenoor is daar al sommige transplantate vir meer as 5 jaar in werking sonder om funksionele moeilikhede op te lever, en daar is al honderde wat vir korter tydperke bevredigend werk. Daar skyn dus op die oomblik alle regverdiging vir die gebruik van die metode van eksisie van die aneurisma en vervanging deur 'n transplantaat in geskikte gevalle te wees.

Die soort transplantaat wat gebruik behoort te word, sal nie hier volledig bespreek word nie. In die 6 gevalle waarin transplantaat gebruik is, was 5 arteriële homotransplantate, en een 'n Ivalon prostese met Orlon versterk. Van die 5 arteriële homotransplantate was 3 bevore gedroogde transplantaat, en 2 was transplantaat wat vir 8 of 9 dae in die gewysigde weefselkweekingsmedium soos deur Gross en andere beskryf, bewaar is. Die verkrywing en bewaring van arteriële homotransplantate en die meriete van die verskillende ander tipes transplantaat word elders bespreek. Hier kan met die opmerking volstaan word dat dit op die oomblik nog vir die vaatchirurg nodig is om verskillende soorte transplantaat en materiaal om transplantaat mee te maak tot sy beskikking te hê. Daarom word in die slagaarbank van die Pretoriase Hospitaal nie alleen homotransplantate van verskillende anatomiese soorte aangehou nie, maar ook polivinyl alkohol spons (bv. Ivalon of Prosthex), Orlon, Sturdinyl en 'konsertina' nylon (crimped nylon) buise.

Ek wil graag my dank teenoor die volgende persone uitspreek: prof. C. H. Derkens, dr. C. A. R. Schulenburg, dr. F. Ziady, prof. H. W. Snyman en dr. W. H. Davis vir verwysing van die pasiënt; dr. P. Swanepoel, Geneeskundige Superintendent van die Pretoriase Hospitaal, vir toestemming om verslae van die

gevalle te publiseer; vir die narkotiseurs wat met groot geduld en bekwaamheid vir hierdie lang operasies narkose toegedien het; en vir die operasiesaalsusters en geneesheerassistente by die operasies vir geduldige hulp en volharding.

#### OPSOMMING

Vyf gevalle van aorta-aneurisma en 3 gevalle van perifere arteriële aneurisma (insluitende 'n arterio-veneuse fistel) op wie operasie uitgevoer is, word beskryf. Na aanleiding hiervan, word die aandag gevestig op die moderne neiging om sulke aneurismas deur meer direkte operatiewe ingrepe, insluitende eksisie en transplantasie, te behandel.

#### SUMMARY

Five cases of aortic aneurysm and 3 cases of peripheral arterial aneurysm (including an arteriovenous fistula)

treated by operation, are described. Attention is drawn to the modern tendency to treat such aneurysms by more direct operative procedures, including excision and arterial grafting.

#### VERWYSINGS

1. Kirby, C. K. en Johnson, J. (1953): *Surgery*, **33**, 562.
2. Bahnson, H. T. (1955): Henry Ford Hospital International Symposium on Cardiovascular Surgery, p. 434. Philadelphia: W. B. Saunders Co.
3. Cooley, D. A. en De Bakey, M. A. (1953): *Surgery*, **34**, 1005.
4. Cooley, D. A., McHaffey, D. E. en De Bakey, M. A. (1955): *Surg. Gynec. Obstet.*, **101**, 667.
5. Eisemann, B. en Summers, W. B. (1955): *Surgery*, **38**, 1063.
6. Kampmeier, R. H. (1936): *Amer. J. Med. Sci.*, **192**, 97.
7. Maniglia, R. en Gregory, J. E. (1952): *Arch. Path.*, **54**, 298.
8. Estes, J. E. (1950): *Circulation*, **2**, 258.
9. Blakemore, A. H. (1947): *Ann. Surg.*, **126**, 195.
10. Rob, C. G. (1954): *Ann. Roy. Coll. Surg. Engl.*, **14**, 35.
11. Crane, C. (1955): *New Engl. J. Med.*, **253**, 954.

## PROBLEMS ARISING DURING INTERMITTENT-POSITIVE-PRESSURE RESPIRATION FOR THE MEDICAL EMERGENCY OF RESPIRATORY FAILURE

BERIC JACKSON, M.B., M.R.C.S., D.A.

*Department of Anaesthetics, Grey's Hospital, Pietermaritzburg*

Since the poliomyelitis epidemic in Denmark in 1952, intermittent positive-pressure respiration (IPPR) has been used to treat a variety of conditions associated with an inadequate ventilation of the lungs, and in which death had often previously been due to hypoxia or hypercapnoea.

Poliomyelitis, tetanus, polyneuritis, poisoning and injury to the chest or head, are conditions which may be associated with respiratory inadequacy.

Where there is a chance of recovery this form of treatment is valuable, but where there is little hope of functional recovery, IPPR can convert a rapidly fatal condition into a long and distressing terminal illness.

IPPR is carried out by delivering the respiratory gases to the lungs via a tube placed in the trachea. This method of treatment has to a large extent supplanted the use of the tank respirator in cases of respiratory failure associated with inability to swallow secretions from the pharynx.<sup>1</sup>

#### Physiological Considerations

The function of respiration is to supply oxygen and to eliminate carbon dioxide from the body. The adequacy of one function is no guarantee of the adequacy of the other. For example, it has been shown<sup>2,3</sup> that if patients are hypoventilated with a 20% oxygen mixture, such as to double the alveolar carbon-dioxide tension (from 40 to 80 mm. Hg) in the lungs, the alveolar oxygen tension is reduced to 54 mm. Hg. The oxyhaemoglobin-dissociation curve shows that this represents about 80% saturation in arterial blood, which is the approximate cyanosis-level in a person with a normal haemoglobin value. It may therefore be concluded that the carbon-dioxide tension in alveolar air can be doubled before cyanosis appears, even when air is used for respiration.

Scurr<sup>4</sup> and others have stressed the need to calculate the ventilation required for each individual by the use of physiological data. It has also been proved that if these calculated ventilation volumes are put into effect, the subjects are adequately oxygenated, and the carbon dioxide eliminated.<sup>5,6</sup>

The alveolar ventilation rate is the rate of ventilation required to maintain the alveolar carbon-dioxide concentration within normal limits (5½% approximately) in the face of the quantity of carbon dioxide produced in the course of metabolism. In a person producing 200 c.c. of carbon dioxide per minute, the alveolar ventilation rate is  $\frac{200 \times 100}{5\frac{1}{2}}$  c.c. per minute ( $\pm 4$  litres).

From an individual's weight the carbon-dioxide production and dead-space volume can be calculated,<sup>7</sup> and the required tidal volume can be found from the following equation, all the other components being known:

$$\text{Alv. vent./min.} = (\text{tidal vol.} - \text{dead space}) \times \text{resp. rate}$$

A nomogram from this equation has been constructed to show the tidal and minute volume necessary to ventilate a person of any given weight.<sup>7</sup>

#### The Respiratory Cycle

When applying IPPR it is necessary for the inspiratory phase of the respiratory cycle to occupy as short a period as possible. During this time there is an increased pressure in the lungs which, if excessive or prolonged, will materially reduce the venous flow to the right side of the heart, with a consequent lowering of the cardiac output.

Spalding and Young<sup>8</sup> have shown that the most effective way to deliver the tidal volume required in the

shortes  
to a p  
deliver  
the rap  
pressure  
the tida  
at a m  
of the

The  
of the  
the res  
pressure  
possible  
thoraci  
has the  
venous

The  
struct  
mittent  
tolerate  
and ne  
occurred  
At low  
to the b  
Dob  
of whi  
tried t  
spirati  
Hg and  
rate of  
mm. H  
1:1:1 a  
Hg, at  
timed  
mm. H  
duration  
the pre  
as dete

It wa  
with no  
a norm  
tion an  
tained,  
mecha  
phase  
ble val

In g  
pulmo  
high p  
adequa  
faulty,  
assistan  
satisfac  
4th (+  
the leas  
ments.

It m  
long p  
more .  
manent  
tory m  
apply

shortest time is to produce a very rapid rise of pressure to a peak which is held until the required volume is delivered, whereupon the expiratory phase is begun by the rapid fall of the positive pressure to atmospheric pressure. By using this inspiratory pressure wave-form, the tidal volume necessary can be delivered in every case at a moderate positive pressure within the first third of the respiratory cycle.

The expiratory phase is marked by the passive recoil of the thorax and occupies the remaining two-thirds of the respiratory cycle. If a period of sub-atmospheric pressure is applied during the expiratory phase, it is possible to ventilate the lungs at a lower mean intrathoracic pressure with the same volume of gases. This has the advantage of offering less obstruction to the venous return.<sup>9</sup>

The effect of positive and negative pressure on the structure of the lung in dogs has been studied.<sup>10</sup> Intermittent positive pressures up to 40 cm. water were well tolerated over 4-hour periods. When alternating positive and negative pressures were used, no structural damage occurred unless negative pressures exceeded 5 cm. water. At lower sub-atmospheric pressures, damage occurred to the lung parenchyma, presumably due to transmission of the pressure.

